# DIE INTERNASIONALE CALVINISTIESE KONGRES TE MONTPELLIER (23—30 JULIE 1953).

Die versoek, dat daar by die sluiting van die klasse, waarby steeds die Hervorming herdenk word, gespreek sal word oor Edinburgh en Montpellier, was seker van pas. Edinburgh, die stad van John Knox, waar die graf van die Skotse hervormer nog te sien is op die plein van St. Giles Cathedral, 'n eenvoudige ingemesselde swart steen, gelyk met die plein, met die swart letters **J.K.** daarop. In High Street is ook die huis van die hervormer nog te sien soos dit deur hom bewoon is. En: Montpellier

'n middelpunt van die hervorming, en m.n. van die Calvinisme in die suide van Frankryk. Ons bepaal ons by hierdie geleentheid tot die laaste, Montpellier en die Internasionale Calvinistiese Kongres wat daar gesit het.

**MONTPELLIER EN SY OMGEWING:**

Montpellier is 'n stad van iets meer as 100,000 inwoners in die suide van Frankryk, 541 myl suid van Parys, 110 myl wes van Marseilles op weg na Bordeaux in die een, en Toulouse in die ander rigting, en ongeveer 6 myl van die Middellandse see. Dit kyk terug oor 'n tydperk van 1000 jaar tot die tyd van sy ontstaan in die 10e eeu, en met sy voorganger, Maguelone, tot lank voor ons jaartelling, in die tye van die Fenisiërs die belangrikste hawestad van die Middellandse see. Maguelone (van die Grieks Megalè Nèsos) is twee keer verwoes, eers in die oorlog teen die Saracene deur Karel Martel in 727 en weer in 1633 deur Lodewyk XIII in sy stryd teen die Hugenote. In 1536 word Montpellier biskopsetel van hierdie gebied in plek van Maguelone. Sexta Statio in die onmiddellike nabyheid van Montpellier herinner nog aan die Romeinse Via Munita wat hierlangs geloop het. Geleë aan die groot handelsweg tussen Oos en Wes het dit sy opbloei te lanke aan die handel met die Ooste, veral in speserye; vandaar die naam: Mons Pistillarius (Berg van Speserye). Handelaars uit Arabië, Griekeland, Rome, Spanje, Engeland het mekaar hier ontmoet. Dit

*(Rede gelewer by die afsluiting van die klasse aan die P.U. vir C.H.O. en die Teologiese Skool, deur prof. W. J. SNYMAN).*

het egter nie slegs gegaan om die handelswaarde van die speserye nie, maar ook om die geneeskrag daarvan. Toe, na die inlywing van hierdie streek, Marseilles as hawestad Montpellier verdring het, was dit die speserye wat sy toekoms verseker het. Die mediese wetenskap het die kern gevorm waaruit dit ontwikkel het tot die stad van wetenskap en van kuns wat dit vandag is. Hier is enkele straatname wat die wandelaar herinner waar hy hom bevind: Rue du Collège, Rue des Ecoles-Centrales, Rue Ecole-de-Pharmacie, Rue de l'Université, Rue de l'Ecole-de-Médicine, Boulevard Pasteur, Rue Jean-Jacques-Rousseau. Dit het geword die stad van beroemde medici, van kunstenaars, skilders veral, en van filosowe. Die Esplanade word beheers deur die standbeeld van Auguste Comte, hiervandaan afkomstig.

Die Universiteit bestaan teenswoordig uit 6 fakulteite: Die **mediese fakulteit** het 850 studente. Dit is die oudste mediese fakulteit in die

wêreld, met die geskiedenis van hierdie stad saamgeweef sinds sy ontstaan in die 10e eeu. Hier het Rabelais sy doktersmantel verwerf, 'n rooi toga, waarin elke medicus nog steeds sy hippokratiese eed aflê. Dit is gehuisves in die ou biskopspaleis aan die Katedraal Saint Pierre, uit die 13e eeu. In die senaatskamer hang die portrette van al die beroemde medici sinds die 12e eeu tot hede, o.a. van Lapeyronnie, chirurg van Lodewyk XVII en grondlegger van die moderne chirurgie, en van Barthez, grondlegger van die vitalisme. Die ingang van die gebou word ook beheers deur standbeelde van hierdie twee pioniers op mediese gebied, wat by die verlaat van die gebou na voltooide studie deur elke medicus gesoen moet word. Een van die teenswoordige hoogleraars aan hierdie fakulteit is die bekende gereformeerde medicus Dr. Eduard Mourges Molines, wat ook 'n aandeel gehad het in die voorbereiding van die Calvinistiese Kongres. Aan die fakulteit is ook allerlei institute verbonde, 'n morfologiese, biologiese, higiëniese, radiografiese en ook verskillende musea, soos die anatomiese en soölogiese. In hierdie stad van Hippokrates, het baie hulle genesing kom besoek. Hier het J. J. Rousseau herstel kom soek vir sy senuwees. Hier het Charles de Bonaparte, vader van Napoleon, genesing kom soek vir sy kankerkwaal, maar slegs om daaraan te kom sterf in 1785. Die tweede oudste en grootste is die **fakulteit van regte.** Dit dateer uit die 12e eeu en het tans 730 studente. Dan volg die **fakulteit** van **natuurwetenskappe** met 666 studente. Die **fakulteit van lettere** met 450 studente is die ou fakulteit van kunste wat tydens die Revolusie ondergegaan het om in hierdie nuwe vorm op te staan. Trou aan sy oorsprong besit die universiteit ook 'n **fakulteit van farmasie** met 304 studente.. Dan is daar aan die universiteit ook 'n **fakulteit van teologie** nl., die **Vrye Fakulteit van die Protestantse Teologie,** met 7 professore en 50 studente. 'n Opmerklike feit is dat studente van die ander fakulteite ook druk gebruik maak van hierdie fakulteit. Soos elkeen van die ander fakulteite het ook hierdie fakulteit sy eie geskiedenis. Dit dateer uit 1802 en is die eerste inrigting vir protestantse teologie en wel deur Napoleon toegestaan. In 1919 is dit oorgeplaas van Montáuban na Montpellier. In een van die sale van hierdie fakulteit in die Rue Berthelot het die Kongres saamgekom. Soos die teologiese het ook die ander fakulteite hulle eie huisvesting. Die universiteit lê deur die hele stad versprei. Montpellier is letterlik universiteit-stad. Behalwe die universiteit is daar talle van middelbare en primêre, staats- en vrye skole, vir seuns en vir meisies, Normaalskole, wat eienaardig genoeg onder primêre skole tel, een vir mans en een vir dames, 'n Nasionale Landbouskool, 'n Hoër Handelsskool, 'n Skool vir Skone Kunste, 'n Konservatorium vir Musiek. Naas

die Onderwysinrigtings bestaan daar allerlei vrye studieverenigings, vir argeologie, astronomie, Romaanse tale en kuns, vir mediese en biologiese studies, vir landbou en vir wynbou. Veral ook vir die laaste. Nog 'n vermaardheid van Montpellier is dat dit 'n middelpunt is van wynhandel. Elke jaar vind hier ook 'n Internasionale Wynfees plaas in Oktobermaand.

In die saal van die Vrye Fakulteit van Protestantse Teologie, waar die kongres gehou is, hang 'n skildery, byna muurgrootte, van die bekende skilder Auguste Leenhartz. Dit stel voor 'n kerkdiens tussen rotse in 'n kloof van die Cevennes. Almal luister gespanne na die prediker. Een vrou, met kindertjies in haar arms kyk angstig rond. Op die rotse is die wagte uitgestel, die Camisards. Montpellier is met sy fakulteite en lycea, sy biblioteke en musea nie alleen 'n stad van wetenskap en kuns nie maar 'n stad van herinneringe, 'n middelpunt van die reformasie. In die Chapelle, waar Sondags saamgekom is vir die erediens, val die oog op 'n groot plaat langs die preekstoel met name, 28, meestal jong predikante wat hier die marteldood gesterf het. Daar is o.a. die name van Claude Brousson (1698), Alexander Roussel (1728), Desubas (1745), Lafage (1754). 'n Rondwandeling deur die stad bring by die Esplanade en langs die Boulevard Henri-IV by die Promenade de Peyron, waar 'n standbeeld van Lodewyk XIV pryk. Hierdie twee plekke was die plekke van marteling en eksekusie. 'n Rondreis in die omgewing bring langs Anduze in die Cevennes. Hierdie gebergtes word genoem die Désert. Hierheen het die Hugenote uit alle dele van Frankryk gevlug na die herroeping van die Edik van Nantes, nadat andere uitgewyk het o.a. na die Kaap. Hier in die Cevennes het die Camisarde-oorlog plaasgevind. In die klowe en grotte is geheime dienste gehou, waarvan die geskiedenis vertel: Midde in die psalmgesang sien die skare 'n bende krygsvolk . . . . hulle vlug in alle rigtings. Die soldate, hiermee nie tevrede nie, skiet na die vlugtelinge. Sommige val dood, ander gewond neer. Die bende is meester van die terrein en met welgevalle sien die moordenaars die rooi bloedstreep van hulle slagoffers . . . . Hier is ook die Musée de Désert. Bokant die ingang lees ons: In hierdie huis is gebore, 5 Jan. 1680, Pierre La Porte Roland, Chef Camisard, gestorwe die 14 Aug. 1708. Daaraan verbonde is 'n museum met modelle van die foltertuie, die radbraak, die galeie, met edikte, kledingstukke, 'n biblioteek met manuskripte. Bo-aan die muur staan die name van die lande wat die Hugenotevlugtelinge ontvang het, ook van die „Kaap die Goeie Hoop". Hier vind jaarlikse samekomste plaas op die eerste Woensdag van September onder die **Societé de Fidélete, de Fierté et de Foi Huguenots**. 'n Reis na die suide bring by die middeleeuse.

geheel ommuurde stad Aiges-Mortes deur Lodewyk die Heilige gebou en deur Philips die Stoute voltooi. Van hieruit het die kruisvaarders vertrek in 1248 en 1267. Een van die torings in die muur, die grootste, is die berugte Tour de Constanz. Dit herinner daaraan hoe die vlugtende en strydende Hugenote se huise verbrand, se vroue en kinders gevange geneem is. In hierdie toring, in die boonste van die twee vertrekke, is die vroue opgesluit. Die meeste het daar gesterf van koue en ontbering. Hier het Marie Durand, suster van die predikant Pierre Durand wat op jeugdige leeftyd die marteldood gesterf het, 38 jaar lank gevange gesit. Vermoedelik is deur haar in 'n kliprand, rondom 'n venster in die middel van die vloer, die letters uitgegrafeer: **Resister.**

Voor ons kom by die Kongres en sy betekenis roep ons eers terug in die geheue waaroor dit gegaan het in hierdie lyde en stryd. In die Memorie van Montclar lees ons: „Kan daar 'n ongelukkiger staat gedink word as die van 'n talryke getroue volk waaraan op die swaarste straf verbied word, sowel God volgens die lig van hulle gewete binne die Koninkryk te dien, as om dit te verlaat, om in vreemde lande, waar hulle godsdiens bely word hierdie roeping te vervul . . ." En uit die smeekskrif van Rabaut aan Lodewyk XV: „Hulle stel hul nie tevrede, Sire, met ons lewe, ons besittings aan te tas nie, maar dryf die wreedhede sover dat hulle ons kinders aan ons arms ontruk om hulle in kloosters en semenarieë te plaas . ." Dit het gegaan om vryheid en reg, vryheid bo-al om God te dien volgens ons oortuiging, die reg om te lewe, die reg van besit, die heiligheid van die huisgesin en van die verbond.

## 2. DIE KONGRES EN SY BETEKENIS.

Op die Kongres is beraadslaag oor die reformatoriese antwoord op die sekularisasie van die moderne lewe. Merkwaardig is dat die so ewe genoemde sake hier in die middelpunt gestaan het. [1] Dáár is die vryheid verdring deur Absolutisme, die verenigde mag van Kerk en Staat. Tans word dit bedreig deur Totalitarisme. Dis krisis van ons moderne beska-

1) Die volgende referate is gehou:

1. Die Vryheid van die Mens, deur prof. dr. Henry Stob, Calvin College, Grand Rapids, V.S.A.

2. Die Sekularisasie van Arbeid, deur mnr. Gerhard Wienands, fabrikant uit Rheydt, Duitsland.

3. Die Sekularisasie van Besit, deur mnr. D. W. Ormel, Sekr. van die Sosiaal-Ekonomiese Raad, Nederland.

wing is die Indiwidualisme wat daaraan ten grondslag lê, het Prof. Stob gesê. Die reformatoriese antwoord op hierdie gesekulariseerde vryheid is gehoorsaamheid aan God alleen en aan alle gesag alleen om Gods wil. Die rede van prof. Stob het aanleiding gegee tot allerlei vrae. Wat was Calvyn se opvatting van demokrasie? Beteken godsdiensvryheid gelyke regte vir elkeen vir sy opinie voor God? Is verdraagsaamheid ook gegrond op gebrekkigheid van eie insig? Word die waarheid hierdeur nie gerelativeer nie? 'n Ander noodlottige verskynsel van ons tyd is die opbreking van die gemeenskap. Die groot industriële revolusie het die menslike gemeenskap opgebreek in 'n besittende en nie-besittende klas. Opmerklik is die verskillende antwoorde uit Nederland en Duitsland. Die heer Ormel uit Nederland vind die reformatoriese antwoord in die Christelike vakbeweging, 'n organisasie van die gemeenskap waarin werkers direk of indirek deur vakbonde deel sal hê in die beheer van die middele. Die heer Wienands uit Duitsland wil die aanpassing van die ou patriargale stelsel van 'n werkende gemeenskap by moderne toestande. Hy pas dit ook toe op sy eie fabrieksterrein. Wonings word langsamerhand die eiendom van die werkers, en tussen hulle en die werknemers bestaan daar 'n lewende persoonlike gemeenskap. Op die gesekulariseerde wetenskap, wat godsdiens aan die wetenskap onderwerp, moet die reformatoriese antwoord radikaal wees. Aldus prof. Dooyeweerd, in sy rede, wat buitegewoon groot belangstelling geniet het. Nie maar hier en daar die Bybel bybring nie, maar die Woord van God ten grondslag gelê aan die geheel van ons wetenskap. In die tyd van die Reformasie is gesien die **verkerkeliking van sielsorg:** in die Edik van 1724 word deur Lodewyk XV gelas dat alle pastore die siekes sorgvuldig moet besoek, veral die van die hervormde godsdiens en hulle sonder getuies moet vermaan om die sakramente van die kerk te ontvang, en as hulle weier om die „heilsame" vermaninge en raadgewinge aan te neem en verklaar dat hulle in die hervormde godsdiens wil sterf, dan moet hulle proses aangedoen word, die vonnis voltrek word en moet hulle in ewige ballingskap veroordeel word

4. Die Sekularisasie van die Sielsorg, deur dr. André Schlemmer, Medicus uit Parys o.a. ook Vise-President van 'n Kommissie vir Liturgie en van die Société Calviniste de France.

5. Die Sekularisasie van die Wetenskap, deur prof. dr. H. Dooyeweerd, Vrye Universiteit, Amsterdam.

6. Die Sekularisasie van Liefdadigheid, deur past. R. Grob, Direkteur van die Universiteit van Bâle en Marburg, Switserland.

7. Die Familielewe, deur prof. W. Stanford Reid, McGill University, Montreal, Canada.

met verbeurdverklaring van hulle goedere. Tans beleef ons die **verwêreldliking** van sielsorg. Hieroor het die gereformeerde medicus uit Parys, dr. André Schlemmer, gehandel. Sierlsorg is deur die kerk verwaarloos en so het die wêreld daarop beslag gelê. Abnormale geestesgesteldheid word toegeskryf aan senuwees en so aan die liggaam, of dit word bloot sielkundig verklaar. In die eerste geval is die behandeling bloot liggaamlik deur psigochirugie, selfs leukotomie. Die gevolg van die laaste is ongevoeligheid vir pyn, maar ook dehumanisering van die mens tot 'n wese van volslae selfsug. In 1950 is dit in Rusland verbied. Hoe is dit in Christenlande? Dis psigoterapeutiese behandeling (hipnose, suggestie) is maar verdowingsmiddels. Dit verslaaf die persoonlikheid en het slegs 'n tydelike uitwerking. Die psigoanalitiese weg is beter. Dit ontdek die mens aan homself. Dit is egter nie genoeg nie. Die siel moet na Christus gebring word. In Sy soenbloed alleen is daar genesing. Elke mens het sielsorg nodig. Elke Christen moet 'n sielsorger wees, omdat ons almal nie alleen profete en konings, maar ook priesters moet wees. In die tyd van die Reformasie was daar opbreking van huise, kinderroof, gedwonge onderwys in die Roomse godsdiens. Ook tans is daar 'n opbreking van huise. Onder die teenswoordige oorsake, soos die uitwerking van twee wêreldoorloë, industrialisasie, verstedeling, ongedissiplineerde skole, lê prof. Stanford Reid veral klem op die terugtreding van die verbondsgedagte. Dit was 'n openbaring toe geblyk het op die Kongres dat daar Calviniste is wat die individuele werkinge van die genade beklemtoon ten koste van die verbond.

Die betekenis van die Kongres moet veral gesien word in die ontmoeting van soveel geloofsgenote en geestesverwante uit soveel verskillende dele van die wêreld. Daar was 114 afgevaardigdes uit 18 verskillende lande: Nederland, Duitsland, Engeland, Skotland, België, Switserland, Frankryk, Spanje, Portugal, Italië, Hongarye, Suid-Afrika, Noord-Afrika, Madagascar, Noord-Amerika, Canada, Indonesië, Japan. Die Kongres is geopen met 'n diens in die Chapelle van Montpellier. Past. Ravelomana uit Madagascar het opgetree as liturg, Shigeru Yoshioka, 'n teol. student uit Japan het uit die Skrif gelees en die prediker was rev. Alexander MacDonald van Glasgow. Op 'n rondreis deur die Cevennes is onder 'n groot boom naby die geboortehuis van Roland 'n buitediens gehou. Daar is o.a. Ps. 42 saamgesing, die Hugenotepsalm, die een bekende wysie in soveel tale. Hierdie geestelike kontak alleen is genoegsame rede vir die voortsetting van die Kongres. Dan, die versterking in die wetenskap dat die Calvinisme versprei is oor die hele wêreld, veral vir die lande waar die kerk van die Reformasie nog staan onder die kruis, Spanje, Italië, Portugal

of klein minderhede vorm soos in Frankryk, of selfs in reformatoriese kerke wat die vrysinnige weg opgegaan het. Verder was van betekenis die diagnose wat gemaak is van die wêreldtoestand en die besef dat die reformatoriese roeping nie alleen geleë is in volharding en weerstand nie, maar om te wees die sout van die aarde en die lig van die wêreld. Die Kongres is immers opgeroep om te beraadslaag oor die reformatoriese antwoord op die sekularisasie van die moderne lewe. Ten slotte het die Kongres 'n blywende vrug afgewerp in wat kontreet tot stand gebring is. Reeds op die eerste Internasionale Geref. Kongres in Londen, 1932 is die hoop uitgespreek dat dit sal kom tot 'n vaste organisasie onder die Calviniste oor die wêreld. Hierdie saak het die laaste aand voor die Kongres gedien. Die hoop is uitgespreek dat hierdie aand van groot betekenis mag word vir die toekoms van die Gereformeerde Christendom in die wêreld. Dit het tot stand gekom. Daar is opgerig die **Société Internationale pour la Foi et l'Action Reforme**—die Internasionale Vereniging van Gereformeerde Geloof en Aksie—met sy sentrum in Amsterdam en dr. J. Dengerink, Vrye Universiteit, as eerste sekretaris. Die volgende Kongres sal D.V. saamkom in Lippe-Detmond in Duitsland in 1955. Die grondslag is die Heilige Skrif as die Woord van God soos bely in die gereformeerde belydenisskrifte, as enigste beginsel van Reformasie. Die doel is om die lig van Gods Woord te laat skyn in die donker wêreld tot die Eer van God.